# Q&A

*Ki Tish*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Eks. 30:11 – Eks. 34:35
**Haftarah:** 1 Kon. 18:1-39
**B'rit Hadashah:** 1 Kor. 8:4-13; 2 Kor. 3:1-18; Luk. 11:14-20; Han. 7:35-Han. 8:

1. Waarom het Abba Vader van elke Israeliet 'n klein offer of losprys verlang in hierdie gedeelte?
2. Hoekom dink jy moes die priesters hulself binne die Tabernakel by die wasbak reinig en nie buite nie?
3. Waarom moes die heilige salfolie (resep) in Eksodus 30:22–33 net vir Abba Vader se heilige werk gebruik word? Wat dink jy sou gebeur as ons dit vandag in die kerk vir gewone doeleindes gebruik?
4. Uit watter vyf bestanddele bestaan die wierook in Eksodus 30:34–38, en waarom was die spesifieke geurmiddels belangrik?
5. Hoekom kies Abba Vader spesifiek Besalël en Oholiab uit 600 000 man en meer om die Tabernakel en sy voorwerpe te bou, en wat leer dit ons oor hoe Abba Vader ons gawes en talente in Sy diens gebruik?
6. Wat beteken dit dat Abba Vader die Sabbat vir die Jode geheilig het?
7. Hoe dink jy verbind die Sabbat en die Tabernakel met die idee van heiligheid en Abba Vader se teenwoordigheid?
8. Hoekom het die kinders van Israel 'n goue kalf gemaak toe Moses op die berg was?
9. Na die goue kalf wat gebou is, watter instruksie gee Aaron toe verder?

10. Hoekom dink jy skryf Abba Vader Sy hart vir Sy kinders met Sy vinger op twee kliptafels, as Hy weet Moses gaan dit neergooi omdat die kinders 'n goue kalf aanbid?

11. Hoe het Moses gereageer toe hy die kinders van Israel sien die goue kalf aanbid, en wat leer sy rol as bemiddelaar of intersessor ons vandag?

12. Wat was die drie beroepe wat Moses tot Abba Vader gedoen het om Israel van vernietiging te red?

13. Wat het Moses met die goue kalf gedoen, en wat beteken dit vir hoe die kerk vandag moet optree teen afgodsdiens?

14. Toe Moses die volk laat kies het om Abba Vader te dien of nie, wie het Hom hul lojaliteit beloof en wat moes hulle doen?

15. Hoekom vra Moses in Eksodus 33:15 vir Abba Vader: "As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie"?

16. Wat leer Eksodus 34:6–7 ons oor Abba Vader se karakter en hoe Hy met Sy kinders omgaan, en hoe beïnvloed dit die manier waarop ons verhouding met Hom verstaan?

17. Wat dink jy is die ooreenkomste tussen die Torah-gedeelte (Eksodus 30:11 – 34:35) en die Haftarah-gedeelte (1 Konings 18:1–39)?